*Dinsdag* **3 Junie**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 33:1-29**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium 33:1-5, 26-29 (AFR53/83/2020)**

**Die HERE gee ons krag vir elke dag wanneer ons onder sy seënende hand leef**

Moses neem afskeid van die volk. Vir 40 jaar het hy hulle gelei en nou is hy op pad na Neboberg waar hy gaan sterf (32:50). Hy seën die volk in stamverband net soos Jakob voor hom gedoen het.

Die seën oor elke stam word omraam met twee lofliedere. In die eerste vier verse word die HERE se verskyning en optrede veral in die woestyntyd beskrywe. Die wetgewing by Sinai is prominent. Daar het die HERE hulle Koning geword (vs 5).

In die laaste vier verse van die hoofstuk volg die tweede loflied. Hier word die HERE se uniekheid beskrywe: "... daar is niemand soos God nie." Hoe begenadig is hulle nie as volk nie. God is 'n skuilplek vir hulle en sy arms is beskermend onder hulle.

Die twee lofliedere oor die HERE, met die seënbedes tussenin, bevestig dat dit die HERE Self is wat seën. Moses is maar net sy dienaar wat die seënbedes uitspreek. Die woord "seën" beteken letterlik om kragte in te dra. God alleen kan seën. Wanneer Hy seën, dra Hy kragte in en so sorg Hy vir sy volk. Sonder sy seën kan hulle nie standhou nie.

Ons is net so afhanklik van die HERE se seën! Daarsonder kan ons niks doen nie. Die HERE se seën kom veral tot ons in en deur Jesus Christus! Hy het mens kom word en al ons sondes op Hom geneem en so 'n Vervloekte in ons plek geword. Hy het in ons plek aan die vloekhout gehang, sodat ons God se seën kan ontvang. Ons is dus geseëndes wat elke dag krag ontvang om staande te bly in die stryd van die lewe en voluit in God se diens te lewe. Ons besing die HERE se lof, want ons leef onder sy seënende hand, totdat ons opgeneem word in heerlikheid.

*Sing: Psalm 20-1:1, 2, 4*

*Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)*